

PROF. DR. H. G. SCHULZE AS HOOGLERAAR IN DIE
LETTERKUNDE.

„Ich saz, uf eime steine
und dahte bein mit beine;
dar uf satzt ich den ellenbogen;
ich hete in mine hant gesmogen
das hant und die ein ...“

View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by  CORE

provided by Koers (E-Journal)

elmoog op die knie, wang in sy hand minnesanger, politikus en filosoof heer

Walther von der Vogelweide homself, so word hy in die Manessiese handskrif geskets, so word hy gekenskets aan die onkundige student. Of die „bontkraai kleurige” Feirefix, wit en swart geska-keer soos 'n dambord, seun van 'n wit vader en 'n swart moeder, snel heldhaftig sy halfbroer Parzival te hulp — en die eerste digter van 'n „ontwikkelingsroman” in Duits, Wolfram von Eschenbach, is reeds gekenteken in sy wilde kleurryke fantasie en hoë idealisme. Die fyn realisme van 'n Gottfried Keller word onderstreep deur die insident van die blougeskilderde weeluis wat stadig-aan teen die blougeskilderde muur uit beweeg („Die drei gerechten Kammacher”), Goethe se verering vir die vrou in die slagspreuk: „Das ewig Weibliche zieht hinan” (die ewig vroulike verhef) vasgelê. Nie die stellings van die dosent kenskets die digter as kunstenaar nie, wel die siening en uitinge van die digter self. Die dosent? Prof. H. G. Schulze.

Die taak van 'n dosent in 'n vreemde taal is allermins 'n maklike een. Heeltemal onkundig omtrent enige kultuur-historiese ontwikkeling of letterkundige stromings, afgerig in twee of drie voorgeskrewe werke, sonder enige verdere kennis omtrent die persoonlik-hede van die skrywers of die letterkundige waarde van die paar voorgeskrewe werke, nog worstelende om die taal se grammatika en idiome te beheers, onmagtig om homself gemaklik oor selfs alledaagse onderwerpe in die vreemde taal uit te druk — so land die taalstudent voor sy dosent. Soos die Fyfe-kommissie in sy 1946-rapport om-

trent die hoër skool-opleiding in Engeland (hoeveel te meer op ons sisteem van toepassing, wat nog minder selektief, nog meer verouderd is as die Engelse) konstateer, neig die skoolopleiding „to magnify memory and mastery of fact at the expense of understanding and liveliness of mind”! Gevolglik is die taak van die dosent in die letterkunde drieledig: (a) om die geweldige gaping te oorbrug wat tussen die skoolleindsertifikaat- en eerstejaarleerplanne bestaan, deur die nodige feitekennis omtrent die kultuur-historiese agtergrond en die verskeie strominge aantreklik op te dis; (b) om tegelykertyd die digters aan die woord te laat kom, en sodanig die digter as persoon en kunstenaar en produk van sy tyd uit te bou; (c) om die student aan te spoor tot 'n krities-waarderende eie benadering van die letterkunde.

In hierdie taak het prof. Schulze uitmuntend geslaag: as pedagoog, as letterkundige en as kritikus.

As pedagoog het prof. Schulze besef dat 'n besonder omsigtige keuse van werke uit verskeie tydvakke die student die beste geleentheid sou bied om kennis te maak met die bestaan van die verskillende literariese strominge en met hul besondere eienskappe, dat sodanige werk tegelykertyd 'n inleiding in die Duitse denke, kultuur en natuur moes bied, sonder om die skakel met die belangstelling van die student in die algemeen menslike, dus algemeen geldige, te verloor. Die lengte van hierdie voorgeskrewe werke moes dus inskakel by die moontlikheid om die werk taamlik volledig gedurende lesings te behan-

del, die werk self moes hom aan voorlees leen. Besonder geskik was dus gedigte, dramas en kortverhale („Novelles”). En by die voorlees van die werke kon prof. Schulze vrye teuels gee aan een van sy grootste bates: sy ingebore dramatiese talent, wat elke voordrag tot 'n suiwer genot verhef het. Dramatiese gebeure het voor ons, die toehoorders, se geestesoorg afgespeel, elke rol bevredigend gevul deur ons dosent: een oomblik die stywe, in sy eer gekrenkte, Pruisiese offisier von Tellheim, die volgende die sjarmante, beminlike Minna, wat veg om die behoud van haar liefde, afgewissel deur die robuust eerlike, maar taktlose Just en die skalkse, gevatte Franziska, opgevolg deur die potsierlike verfransde de la Marliniere („Minna van Barnhelm”). Of die liriese skoonheid van 'n gedig het ons in klank- en woordmusiek betower:

„Über allen Gipfeln
Ist Ruh'
In allen Wipfeln
Spürest du
Kaum einen Hauch;”
— (Goethe).

In die kortverhaal het ons die innige genot in die raak gesegde, die geslaagde karakterisering, die liefderyke milieu-schildering, die spannende verhaaltrant met die voorleser gedeel.

Sy ingebore redenaarstalent, sy presiesheid in denke en in woordweergawe, sy waardering vir suiwere formulering en goeie styl, het prof. Schulze in staat gestel om die verskeie literariese strominge vanaf 1,000—1900 n.Chr. in raak gekose woorde en voorbeelde aan die rou student voor te stel, om die belangrik-

ste digterpersoonlikhede in meestal humoristiese pensketse — soos in die inleiding aangedui — permanent in die geheue van sy toehoorders te vestig. Meegeleu deur sy dosent se liefde vir sy vak, het die student self eie toegeneentheid teenoor bepaalde tydvakke, een of ander kunsvorm, sekere digterpersoonlikhede, ontwikkel.

Die letterkunde kan beskou word as die geskiedenis van tydperke van groter en minder betekenis, al na gelang van die skeppende invloed wat dit op later geslagte uitoefen, met die digterpersoonlikhede as verteenwoordigers van 'n spesifieke moderigting, gebonde aan tyds- en sosiale omstandighede. Af en toe bring 'n enkeling deur sy geniale skeppingskrag 'n hele nuwe tydvak tot stand, meestal ontstaan 'n nuwe rigting deur die saambind van verborge kragte wat hier en daar reeds kop uitgesteek het. Gevolglik kan elke letterkunde vanuit verskillende gesigspunte benader word, o.a. kultuur-histories, sosiologies, filosofies, stilisties, individualisties. Geeneen van hierdie gesigspunte kan ignoreer word nie, dog vir prof. Schulze het die WERK steeds die uitgangspunt gebly in sy literêre benadering. Slegs soveel biografies gegewens is aangestip as wat vereis was om die digter se werk verstaanbaarder te maak, die tydstroming as agtergrond vir die werk geskets, en dan was die digter aan die woord,; sy siening, sy filosofie, sy interpretasie van persoonlike lot en die lot van volkere. So sien prof. Schulze Klopstock wel as 'n draer van die piëtistiese rigting, maar sy „Messias” en veral sy Odes bring nuwe kosmiese gesigs-

velde, nuwe klankrykheid, verheuenheid in gevoel, maar ook die elementêre menslike sentiment omtrent liefde, vriendskap, God, natuur en vaderland vind uitdrukking: die Duitse liriek is opnuut gebore. Lessing, met sy glashelder verstand en gevlynde swaardpen, word beskou as die grootste verteenwoordiger van die Aufklärung, die tydvak wat alles wat die verstand nie kan begryp nie, negeer. Tog beklemtoon prof. Schulze dat Lessing 'n Shakespeare instinkmatig veel hoër stel as 'n Molière of Voltaire, dat hy die egte natuurlike bo die afgeronde kunstmatige verkies. Lessing se dramas — Minna von Barnheim, Emilia Galotti, Nathan der Weise — bestaan dus nie net uit vernuftige karakterisering nie, maar die warmte menslikheid, egte humaniteit, seëvier, oorduur die jaarhonderde, en baan so weer die pad tot die komedie, tragedie en aanskouingsstuk in die Duitse letterkunde. Aan die geniale individualis, Goethe, ken ook prof. Schulze die hoogste ereplek in die Duitse letterkunde toe, daar hy in die Goethe-persoonlikheid die klassieke harmonie vind, in sy werk die ongebroke versmelting tussen instink en wete, in sy siening die egte panenteïsme.

„Ich singe, wie der Vogel singt,
Der in den Zweigen wohnet;
Das Lied, das aus der Kehle dringt,
Ist Lohn, der reichlich lohnet”.

— (Der Sanger).

Die 70-jarige Goethe se liriese uitinge is dan nog so fris en bekoorlik soos die jongeling se eerste spontane liefdesgediggies. Slegs in Eichendorff, verteenwoordiger van die Romantiek, meen

prof. Schulze dieselfde ongebroke eenheid tussen gevoel en natuurverskynsel te vind, dieselfde suiwer liriese toon, alhoewel in baie kleiner omvang as by Goethe.

Tog kon prof. Schulze se studente moeilik een besondere belangstelling uit sy lesings aflei, daar hy aan elke tydvak 'n paar prominente digterpersoonlikhede gekoppel het wie se werk hy met liefdevolle toewyding, gegrond op 'n deeglike kennis, behandel het. Die middeleeuse tydvak 1180-1215 is veral deur die Nibelungenlied en Walther von der Vogelweide se minnesange en spreuke opgeluister; by nagraadse studie het die warm menslike, tog so romanties-fantastiese maar waarlik godvresende Wolfram von Eschenbach voorrang geniet bo die stywe korrekte Hartmann von Aue en die in die Franse styl lig-sinnige, tog diep kunssinnige, Gottfried von Strassburg; het die uit waarskynlik werklike ervaring gebore, aan besondere vergelykings ryke minnegedigte van Heinrich von Morungen, met hulle suiwer liriese klank, voorrang geniet bo die modieuse minneliedere van Walther von der Vogelweide — wat weliswaar ook in sy poësie heelwat nuwe klanke laat hoor. Inhoud, egte beleving, geniet dus by prof. Schulze voorrang bo vorm. Hierdie indruk word verstewig deur prof. Schulze se uitgesproke voorliefde vir Goethe se „Faust”: die worstelende titaan met die ewige dors na kennis, nog meer na die wete van die wese van alle natuurverskynsels, wat hom deur 'n bese gees op alle moontlike dwaalpaadjies laat lei, deur sinsbegueling laat verlei, ander in die ongeluk

dompel deur gulsige gegryp na die genot van die oomblik, en wat tog nooit ophou soek na die ewige waardes nie. Want „Faust” as drama oortree die streng dramatiese begrippe omtrent vorm en bou, is dikwels meer ’n romantiese skouspel as klassieke tragedie, partykeer meer epies as dramaties, maak gebruik van ’n oorvloed van karakters, die een episode jaag die ander. Tog bly die sentrale idee ongeskonde, die Faust-Gretchen verhouding een van die ontroerendste in die letterkunde. Alhoewel bv. Schiller se ballades en dramas wesenlik dramatiser is, daar die tweespalt tussen drif en verstand in homself vir Schiller die ewige tweespalt in die mens is, en hierdie antitetiese beleving hom tot die drama dwing, is dit slegs die grootse skouspel „Wilhelm Tell”, waarin ’n regskepe man gedwing word tot politieke sluipmoord, wat werklike geneetheid by prof. Schulze ontlok. Schiller se stryd om ’n eie lewensfilosofie vertroebel te dikwels die ware menslikheid.

Gee mens jouself rekenskap van die „kapstokke” — prof. Schulze se eie uitdrukking — waaraan hy elke tydvak „gehang” het, word die Aufklärungsperiode gekoppel aan die naam Lessing, die Sturm-und-Drang-tydperk aan die jeugdramas van Goethe en Schiller, die klassieke rigting aan Goethe en Schiller se ryper werke, hoofsaaklik dramas, die oorgang tot die Romantiek aan die ongebonde magsfigure in die dramatiese werke van Heinrich von Kleist; Grillparzer en Hebbel se voorstellings van die ontoereikendheid van die, meestal, etiese strewe van hul dramatis personae dui reeds op die tydvak van die Realis-

me, en die Naturalisme in die Duitse letterkunde is ondenkbaar sonder die dramas van Gerhart Hauptmann. So skyn die drama as kunsvorm sy besondere voorliefde te geniet. Twee dramas, „Minna van Barnhelm” en „Wilhelm Tell”, is met insiggewende inleiding en wetenskaplike kommentaar deur hom versorg. Tog is twee tydvakke wat besondere lewenswarmte in prof. Schulze se lesings verrai het die van die Romantiek, hoofsaaklik gewy aan die liriese kunsvorm in die werke van Novalis, Uhland, Eichendorff, Mörike en Heine, en die van die Realisme, waarin die epiek tot sy reg kom, en die kortverhaal („Novelle”), epiese broer van die drama, besondere aandag geniet. Die groot driemanskap in die novellekuns, Storm, Keller en C. F. Meyer, staan op in hulle krag en in hulle gebondenheid. Een oomblik is ons vasgevang in die streng Calvinistiese siening van ’n Coligny op die vooraand van die bloedbad te Parys („Das Amulett”), die volgende is ons verplaas in die gryse newelomsluierde landskap van die Noordsee, jaag saam met die dykgraaf Hauke Haien op sy skimmelperd om teen die vooroordeel en bygeloof van die dykboere aan te veg, omgegewe van die legende dat iets lewendigs in elke nuwe dykwal ingemessel moet word („Der Schimmelreiter”).

Samevattend kan ons konstateer: Prof. Schulze se groot lewenstaak was die kweek van liefde vir die Duitse taal en letterkunde by elkeen wat die voorreg gehad het om een van sy toehoorders te wees. Uit eie loutering, langdurige siekbeddens, noue kontak met die ewigheidsgedagte is prof. Schulze se

diepe menslikheid gebore. Daarom die helder insig in alle menslike strewes en vreugdes, die vermoë om steeds die egte en standhoudende in die letterkunde te onderskei. Omdat hy sy studente wou leer om die klassieke Duitse werke te waardeer, het hy meer as welwillende kritikus opgetree, en sy studente veral aangemoedig tot vergelykende kritiek met die Engelse en Hollandse letterkunde. Geen poging van sy studente was te gering om sy onverdeelde aandag te geniet nie, nooit het hy homself gespaar in sy selfopgelegde taak om die onderskeidende liefde vir die Duitse lettere by sy studente te help ontwaak nie. Hierdeur het dit tom dikwels geluk om ook liefde vir die Duitse kultuur en filosofiese denkwysse te ontwikkel. In hoof-

saak het hy egter gepoog om eers die gevoel vir die skoonheid in die werk wakker te roep, dan om dit deur besinning die onvervreembare eiendom van sy studente te maak. Hierin het hy so uitmuntend geslaag, dat sy studente van weleer, wat vandag self die vak moet doseer aan hoër skole of universiteite, steeds hulle welslae aan sy maatstawwe meet, nog met die klank van sy voordrag in hul ore, poog om die ontvanggenot aan ander oor te dra — en steeds voel hul dat hulle, gemeet aan hulle ou meester, jammerlik faal.

Prof. Schulze se weerga sal ons nie weer vind nie.

G. EISELEN-MUELLER.
